



Wanneer die boere en werkers en ander natuurlike beroepe hul eie verteenwoordigers in die regering het, sal ons ware volksregering hê in die plek van die partydiktatuur van die huidige stelsel.



Die



As die boere of werkers 'n verteenwoordiger stuur na 'n kongres, dan verteenwoordig daardie persoon die boere of werkers. As 'n politieke party 'n verteenwoordiger na die parlement stuur, dan verteenwoordig daardie persoon daardie politieke party en nie sy kiesafdeling nie.


VIERDE JAARGANG.

WOENSDAG, 1 AUG. 1945.

No. 36.

Sosialistiese Omwenteling In Engeland

OPROEP VIR O.B.-DAG



Genl. B. J. Vorster van Kimberley skryf:

Mede-offisiere en brandwagte, die oorlog het tot 'n einde geloop in Europa, en daaronder moes swig die grootste bolwerk teen die kommunisme.

U, die banierdraers van nasionalisme, wat sosiaal in uitkyk is, vorm nou die vernaamste bolwerk daarteen.

Ek weet dat u nou 'n jaar lank geknel word deur 'n swaar droogte. Tog het ek die vrymoedigheid om tot u die oproep te rig vir die 8 Augustus-insameling.

Die vrou het 'n paar jaar al die reuse-taak op haar geneem vir die insameling van fondse tot versterking van ons Volksbeweging op dié dag. Sy het nog elke jaar aan vriend en vyand getoon dat soos haar voorganger kaalvoet oor die Drakensberge wou gaan, ook sy die las van huis en volk op haar neem. Daarom moet ons as manne op 8 Augustus saam met die vrou weer aan vriend en vyand toon dat ons nog lewe en sal lewe.

Nie vir anti-godsdiens nie, maar „Ons God”;

Nie vir verdelende partye nie, maar „Ons Volk”;

Nie vir ander lande nie, maar „Ons Land, Suid-Afrika”!

Die stryd vir bestaan is verby. Stryd nou die stryd tot oorwinning. Stryd 'n volksstryd!

Die partye gaan binnekort weer wedywer oor wie die meeste stemme kan insamel. Hulle veg op 'n nasionale party-basis. U veg op 'n nasionale volksbasis. Hulle veg vir die prestasie van partye. U vir die redding van u volk. Dis die party-stelsel wat u mede-Afrikaner in kampe en tronke stop. Dis ons volkstelsel wat „my mede-Afrikaner help en beskerm”.

Mede-offisiere en brandwagte, op 8 Augustus 1945 roep u volk om hulpe.

KAPITALISME VERNIETIGEND VERSLAAN

O.B. VERWELKOM UITSLAG VAN VERKIESING A SE K.G.

Die uitslag van die Britse verkiesing het 'n radikale bewindsverandering in Brittanje veroorsaak. Churchill se Konserwatiewe Party is teen alle verwagting in hopeloos verslaan; en die Arbeidersparty onder leiding van majoor Attlee neem die bewind oor met 'n gerieflike meerderheid oor al die partye.

Die skouspelagtige oorlogspremier Churchill is vervang deur doodgewone C. R. Attlee, wat nou die taak het om die vrede vir sy volk te verower.

Toe die Britse Parlement in Mei ontbind is, het die Konserwatiewe Party 356 lede gehad; die Arbeidersparty 162; en ander groepe 97. Na die verkiesing keer die Arbeidersparty terug met 390 lede; die Konserwatiewe Party met 195; en die ander groepe met 42 lede. Dertien uitslae word later eers bekend gemaak.

K.G. SE VERKLARING

„Ons verwelkom die uitslag van die Engelse verkiesing”, het die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, in 'n onderhoud verklaar. „Saam met die hele wêreld het Engeland ook na die sosiale rigting geswaai, en ons is bly daarvoor. Uitgesonderd die V.S.A. het die laaste groot moondheid — een van die „Big Four” — sy gesig teen die kapitalisme gekeer.

„Baie mense meen dat enige afwyking van die kapitalisme na kommunisme moet lei. Dit is verkeerd. Kommunisme is juis die onvermydelike uitvloeisel van die kapitalisme. Die beste teengif teen die kommunisme is nie na erger kapitalisme nie; nie reaksie nie; nie meer kapitalisme nie; maar juis die gesonde tegemoetkoming aan die behoefte van man, vrou en kind deur 'n meer eweredige verdeling van die lewensmiddele.

„Die blote feit dat die Kommunistiese Party in Engeland slegs twee setels uit meer as 600 verower het, bewys dat die „Links-gesindheid” van die Engelse werker nie aanvaarding van die kommunisme beteken nie. Veeleer bewys dit dat die Engelse werker besig is om die Britse kapitalisme mokerhoue toe te dien en daardeur kommunisme te verhoed.

IMPERIALISTIESE LYN

„Ons in Suid-Afrika verwelkom

imperialis Churchill. Om 'n lang storie kort te maak, ons botsing met die Empire het nog altyd plaasgevind in tye waarin die menere, wat nou so'n hopelose loesing gekry het, aan die bewind was.

„Die les wat die uitslag van die verkiesing ons leer is dat kapitalistiese partye die onderspit gedelf het teen die sosiale gees van ons eeu.

BONDGENOOT


„Een punt staan soos 'n paal bo water: As 'n volk sy nasionale lewensbeskousing wil red, moet hy dit in hemelsnaam nie vasspyker aan die ondergaande kapitalistiese stelsel nie. Nasionalisme moet sy bondgenoot soek in sosialisme.

„Die uitslag van die Engelse verkiesing voorspel dat die elemente wat swakker gaan word in Suid-Afrika, nie in die eerste instansie die s.g. „oorlogselemente” is nie (die Arbeiders in Engeland was ook pro-oorlog), maar wel die reaksionêre elemente, m.a.w. elemente wat teen die stroom van die tyd wil werk en wat ondergaande instellings en stelsels in stand wil hou.

„Die O.B. verwelkom die uitslag van die Britse verkiesing, want ook hy wil die hoofklem lê op sosiale maatreëls en botter en brood-politiek — die beleid wat die Britse volk met so'n oorweldigende meerderheid aanvaar het”.

VIR 8 AUGUSTUS

Die manne- en vrouekommando van Parow het op 30 Junie 'n basaar ten huise van komdt. en komdt. D. J. Geldenhuys gehou en die bedrag van ongeveer £28 is ingesamel vir 8 Augustus. Op 20 Julie is weer 'n pannekoekaand gehou wat baie mooi ondersteun was deur die jong mense. £1.50 is op dié wyse bygevoeg.



'n Egte
Suid-Afrikaanse
Produk

Kry dit by u
Handelaar of Apteker

Handelsnavrae: INTERNASIONALE KOPERS (EDMS.) BPK,
Postbus 3180 • • • • • KAAPSTAD

Molotof-Skaduwee Val Oor Smuts

Genl. Smuts was nie altyd die wêreld-staatsman in San Francisco wat sy pers van hom probeer maak nie. Dit het reeds bekend geraak hoe hy eenmaal deur 'n korporaal voor-gekeer is omdat hy nie 'n pas kon toon nie. Dit is egter as 'n grappige voorvalletjie afgemaak. Die Amerikaanse blad Time berig van 'n ander voorval, waarvan daar in Suid-Afrikaanse koerante net die beter helfte verskyn het. Dit lui dat genl. Smuts voor die deur van die gebou omring was deur persmanne net voor die konferensie begin het, toe iemand uitroep: „Molotof!” In die middel van die onderhoud verlaat die persmanne Smuts, en storm na Molotof wat, omring deur 'n lyfwag, na 'n hyser haas. Genl. Smuts het gevolg en probeer om dieselfde hyser binne te gaan, maar 'n ry persfotograwe het in sy pad gekom. 'n Amerikaanse offisier het die fotograwe opsy gedruk en genl. Smuts kon binnegaan. Molotof, wat erg verleë was, het genl. Smuts 'n haastige groet toegeknik. Een van die Russiese wagte het na genl. Smuts se onderskeidingsstekens gekyk en sy wenkbroue vir sy maat saamgefrons, wie se uitdrukking blykbaar wou sê: „Hoe moet ek weet?”

**ONDERSTEUN ONS
ADVERTEERERS**



NOG NET 5 MAANDE

DAN SLUIT

AFRIKAANSE PERS- BOEKHANDEL

SE GROOTSTE ONDERNEMING

waarin die kontant bedrag van £200 plus
15% honorarium aangebied word vir die
beste

Godsdienstige Roman

Die uitnodiging is oop vir almal.

Onderhewig aan die volgende:

- (1) Die roman moet 'n AFRIKAANSE KLEUR dra met een van Christus se GELYKENISSE as KERNGEDAGTE.
- (2) Die lengte van die manuskripte moet sowat 75.000 woorde wees.
- (3) Elke manuskrip moet op slegs een kant van die papier getik wees (dubbel spasie).
- (4) Sluitingsdatum is 31/12/45.
- (5) Die uitgewers behou die reg voor om alle verdienstelike manuskripte — die bekroonde inkluis — uit te gee teen 'n Outeursaandeel van 15% in die romanreeks DIE PELGRIMS-BIBLIOTHEEK.
- (6) Die uitgewers waarborg 'n eerste druk van 15.000 eksemplare vir die bekroonde manuskrip.
- (7) Stuur u insendings gemerk „GODSDIENSTIGE ROMAN” aan:

AFRIKAANSE PERS- BOEKHANDEL

Lovedaystraat 75
JOHANNESBURG



Kommunistiese Posing Onder Klerewerkers Misluk

SOLLY SACHS BLAAS AFTOG IN KAAPSTAD

'n Posing om sy kommunistiese propaganda-unie na Kaapstad uit te brei, het verlede Woensdagaand skipbreuk gely toe die Johannesburgse kommunist Solly Sachs 'n posing aangewend het om die Klerewerkersunie van die Skiereiland as 'n tak ingeskakel te kry by sy Johannesburgse organisasie. Hy is belet om te praat, en hoewel hy 'n groot aantal plaaslike kommuniste, wat niks met die klerewerkersbedryf te doen het nie, saamgebring het, moes hy die aftog blaas.

Gedurende die stormagtige vergadering is hom vanuit die gehoor toegesnou dat hy net die onkundige kleurlingwerkers se ondersteuning vir die kommunisme soek. Van sy kant het hy die werkers wat nie met hom wil saamgaan nie, uitgemaak vir „fasciste” — die bekende toorwoord waarmee kommuniste gewoonlik alle teenstanders van hul politiek probeer doodverf.

Solly Sachs het sy rieme styfgeloop toe hy een van sy soveelste pogings aangewend het om die Klerewerkersunie van die Kaapse Skiereiland aan stukke te slaan. Dit is goed dat dit gebeur het, en dit is tyd dat die aan-

dag van alle werkers, en van alle vriende van werkers, bepaal word by die ondermynende bedrywighede van Solly Sachs ten opsigte van die klerewerkers van Kaapstad en hul vakbond.

Vir meer as tien jaar al is Solly Sachs bezig om hierdie vakbond te beveg. Sachs, wat homself graag voordoen as 'n vakbondkampvegter, is hier vir jare al bedrywig om 'n wettige en kragtige vakbond te vernietig — 'n vakbond wat al baie pres-teer het en al baie vir sy lede verkry het. Waarom wil Sachs hierdie vakbond vernietig? Is dit omdat hierdie vakbond homself nie diensbaar stel vir Sachs se politieke doeleindes nie? Is dit omdat hierdie vakbond nie 'n kommunistiese propaganda-unie is nie? Is dit omdat hierdie Unie 'n egte vakbond is wat die lot van sy lede probeer verbeter en nie net kommunistiese propaganda onder hulle versprei nie? Is dit omdat mnr. R. Stuart, die Algemene Sekretaris van die Unie, 'n ware vriend van die werkers is, en nie bloot 'n kommunistiese agitator nie?

MAAK NIE SO NIE

Solly Sachs durf nooit weer daarop aanspraak maak dat hy 'n voorvegter vir vakbonde is nie. 'n Vakbondman wil nie vakbonde vernietig nie.

Maar met wie se geld beveg Solly Sachs die klerewerkers van Kaapstad? Met wie se geld het hy hier 'n kantoor geopen en organiseerders aangestel om die Unie te ondergraaf? Dit kan niemand anders se geld wees nie as die sjelings en die halfkrone van die klerewerkers van Johannesburg. Solly Sachs, wat homself graag voordoen as die vriend van die werkers, gebruik die werkers van Johannesburg se geld om die werkers van Kaapstad mee te verdeel.

Solly Sachs durf nooit weer be-veer dat hy 'n vriend van die werkers is nie. 'n Werkersvriend jaag nie die werkers teen mekaar in die harnas nie.

Die Klerewerkersunie in die Kaapse Skiereiland bestaan vir meer as 80 pst. uit nie-blanke werkers. Die Kommunistiese Party weet altyd aan die nie-blankes te vertel dat die kommuniste hul vriende is. Nou weet die nie-blankes die waarheid. Die kommunist Sachs gee nie 'n flenter om as die Unie wat oor die belange van die nie-blanke klerewerkers in Kaapstad waak, vernietig word nie, want — die Unie is nie 'n broeiplek vir kommunisme nie.

Sachs wil net die klerewerkers van Kaapstad gebruik om sy politieke doel te dien.

ONDERMYNING

Sachs se optrede in Kaapstad werp ook 'n felle lig op die ondermynende bedrywighede van die kommuniste in Suid-Afrika.

Mnr. R. Stuart het in 'n onderhoud verklaar dat die huidige fase van die stryd in Oktober 1944 begin het, toe Sachs van sy mense uit Johannesburg hierheen gestuur het om die Kaapse Klerewerkersunie „op te breek”. Hierdie afgesante het geen vordering gemaak nie, en ongeveer 'n maand gelede het Sachs self na Kaapstad gekom. Sy besoek sou kulmineer in die vergadering Woensdagaand.

Sachs het duisende pamflette laat druk om mense op te roep na die vergadering. Hy het ongeveer 30 ondersteuners op die vergadering gehad. Hulle was gerekruteer uit die gelede van die „Distributive”, „Chemical”, „Coffee and Tea”-werkers — almal unies wat onder die kommunistiese plak staan. Die klerewerkers wat aanwesig was, is almal ondersteuners van die Kaapse unie.

Mnr. Stuart het verklaar dat in die Sachs-pamflette wat versprei is, gewag gemaak word van 'n tak van Sachs se unie wat dan in Kaapstad sou bestaan. Dit is nie die geval nie. In Kaapstad bestaan net die Klerewerkersunie van die Kaapse Skiereiland. Die unie is in 1927 gestig en dit het 'n ledetal van tussen nege- en tienduizend.

„WIL FÜHRER WORD”

Organiseester R. Crawford van die Kaapse unie het verklaar dat Sachs die Führer van die klerewerkers wil wees. „Ons wil hom nie hê nie”, het sy gesê. „Ons verkies mnr. Stuart, 'n man van vaste beginsels. Sachs se more en aandpraatjies kom nie ooreen nie. In Johannesburg kyk hy die nie-blankes skeef aan; in Kaapstad groet hy hulle met die hand. Sachs wil net die werkers gebruik vir politieke doeleindes. Sachs moet ons werkers in Kaapstad alleen laat”, het sy besluit.

Mnr. Stuart het verklaar dat Sachs agiteer oor die lone van die Kaapse klerewerkers. Hy vergeet egter gerefshalwe om vir die werkers van Kaapstad te vertel dat die lone wat die klerewerkers van Port Elizabeth en omstreke ontvang, laer is as die Kaapse lone. Die klerewerkers van P.E. en omstreke is egter lede van Sachs se unie.

Ons het hier te doen met 'n flagrante voorbeeld van die ondermyning en verdeeldheid wat die kommuniste in die arbeidswêreld veroorsaak.

O.B. SE WAARSKUWING

Van tevore al het die O.B. die werkers van Suid-Afrika, en by name selfs die s.g. Werkersparlement, die gewaande Suid-Afrikaanse Vak- en Arbeidsraad, gewaarsku teen die bestaan van kommunistiese propaganda-unies in die arbeidswêreld. Die jongste optrede van Solly Sachs onderstreep hierdie waarskuwing van die O.B.

Weereens doen die O.B. 'n beroep op alle werkers en op alle vriende van die werkers om hulle te beywer vir egte en suiwer vakbonde in ons land. Donker dae lê vir die werkers voor en dit is hulle gerade om huis skoon te maak voordat die ramp van na-oorlogse depressie hulle tref.

Met die skoonmaakproses belooft die O.B. sy hulp. Verder strew hy daarna om die hele volk agter die werkers in te gooi in 'n eerlike stryd vir „botter en brood” en 'n „beter wêreld”.

GROTER SAMEWERKING OP ALLE TERREINE

Prof. Du Plessis Skets Toekomstige Beleid

„As ons die toekoms wil vat”, het prof. L. J. du Plessis Woensdagaand op Stellenbosch verklaar, „en niemand anders is daartoe in staat nie, is die tyd nou daarvoor geskik; ons moet hom aan sy voorkuif gryp! Die Ossewabrandwag moet sy toekomsbeleid voor die volk gooi. Hy moet sy deure oopskuif sodat alle Afrikaners en potensiele Afrikaners hul tuiste kan binnetree. Om te voldoen aan die behoeftes van die toekoms moet die O.B. sy vlerke nou uitslaan”.

Prof. Du Plessis het opgetree voor die Stellenbosse Studentekommando's. Genl. S. J. Pretorius en heelwat lede van die publiek was ook teenwoordig. Komdt. S. P. Botha was in die stoel.

Prof. Du Plessis het gesê dat hy wil praat oor ons volkstrewe van die toekoms en hy wil dit kooperatiewe nasionalisme noem.

In die verlede was ons tevrede met 'n suiwer nasionalistiese strewe, as teenvoeter vir die Britse imperialisme. Maar hierdie oorlog het die angel uit Britse imperialisme getrek en volwasenheid gegee aan die gevaar van kommunistiese wêreldrevolusie. Dit is teen hierdie nuwe agtergrond wat ons ons beleid vir die toekoms moet bepaal.

TEEN KAPITALISME

Wat moet daardie beleid wees? Sommige mense meen dat die beleid bloot anti-kommunisties moet wees. 'n Negatiewe optrede is nie voldoende nie; 'n positiewe koers is onontbeerlik. Dit moet ook onthou word dat anti-kommunisme ook kapitalisme kan beteken. En dis juis van die kapitalisme, wat die mens se bestaan verwoes het, wat ons wil wegkom.

Ander mense meen weer dat die beleid nasionaal-sosialisme moet wees. Persoonlik het ek nog nooit hiervoor gevoel nie. Adolf Hitler, wat verantwoordelik is vir die naam en die stel, het sy taak aanvaar in 'n internasionaal-sosialistiese verpeste Duitsland. Om 'n gesonde beginsel weer in die volkslewe in te dra, moes hy hierdie internasionale sosialisme nasionaliseer. Daarom het hy sy stelsel nasionaal-sosialisme genoem.

VOORGANGERS

Ons volk is nog nie deur die internasionale sosialisme (of kommunisme) aangetas nie. Die beginsel wat dusver nog in ons volkslewe gegeld het, was nasionalisme. Al die leiers het dit beoefen. Genls. Botha en Smuts is verantwoordelik vir die staatkundige eenheid, en hierdie taak sit genl. Smuts oënskynlik voort in sy pogings om Suidwes, Suid-Rhodesië, ens. by die Unie ingelyf te kry. Genl. Hertzog en ook dr. Malan moet gedank word vir hul pogings om 'n nasionalistiese gees in die staatkundige eenheid te blaas. Die jonger leiers, dr. Van Rensburg en adv. Pirow, is tans besig om 'n sosialistiese gesindheid met ons nasionalisme te verbind.

Die beginsel van nasionalisme alleen is nie voldoende om die toekomsgevaar te weerstaan nie. Ons moet ons nasionalisme verruim. Ons moet dit sosialiseer. In Europese taal sou ons dan eintlik moet praat van sosiale nasionalisme.

SAMEWERKING

Maar om hierdie gedagte uit te druk sonder 'n sweem van nabootsing en in woorde waarmee ons Afrikaners goed bekend is, wil ek die begrip kooperatiewe nasionalisme gebruik. Dit is die titel van die toekomsstelsel wat ons teenoor die kommunisme moet stel.

Koöperasie beteken samewerking en ek wil 'n paar gebiede noem waarop groter samewerking wenslik is.

Die eerste gebied waarop nasionalisme kooperatief aangewend moet word, is die internasionale. Die kommunistiese gevaar hou hom skuil in 'n georganiseerde Ooste, wat strek vanaf die Oder en die Suez tot aan Japan, en wat optree onder leiding van Rusland. Teenoor hierdie Oosterblok durf Suid-Afrika nie geïsoleerd staan nie. Hy moet hom inskakel by 'n Westerblok. Ons moet inskakel by 'n blok, wat nie die Britse Empire gemeenskaplik het nie, maar wat wel die Christelike en Westerse beskawing gemeenskaplik het.

Ons nasionalisme moet 'n saamwerkgesindheid openbaar met ons Engelssprekende medeburgers in die land. Ons nasionalisme het reeds genoeg krag ontwikkel om nie bang te wees vir samewerking nie.

ANDER RASSE

Ook moet ons groter samewerking met die ander rasse openbaar. Ons segregasie-beleid moet nie 'n dak bo die hoofde van die nie-blankes veronderstel nie. Elke nie-blanke moet weet dat hy kan ontwikkel so ver as wat sy natuurlike aanleg hom toelaat.

Ten opsigte van die nie-blanke moet ons nasionalisme nie onderdrukkend wees nie. Die kleurslagboom teenoor die gekleurde rasse moet hul ontwikkeling nie vertikaal afsluit nie, maar horisontaal van ons afsonder, sodat hulle naas ons en met ons samewerking tot die hoogste punt kan ontwikkel waartoe hulle in staat is. In daardie geval sal die slagboom natuurlik self vertikaal staan en nie in 'n horisontale vlak nie.

Ekonomiese samewerking is baie noodsaaklik. Op hierdie terrein is ons tans in brokstukke en klasse versplinter, b.v. kapitaalbesitter en werker, stedeling en platteland; handelaar en nyweraar, ens.

In die verlede het ons probeer om die kapitalisme te nasionaliseer. Ons wou meer Afrikaner-kapitaliste skep. Ons wou die Britse en Joodse kapitaliste vervang. Nou moet ons hierdie nasionale kapitalisme sosialiseer, d.w.s. kapitalisme wat op 'n kooperatiewe grondslag gebaseer is.

GROTER KO-OPERASIE

Die kooperatiewe beweging, soos ons hom ken, moet verder ontwikkel word. Sy huidige wettiese beperkinge vereng samewerking. Hy is sektionalisties. Elke soort produsent word verwag om apart te koopereer, en insgelyks ook elke soort verbruiker. As 'n mens vandag in ons land meer kooperatief wil wees as wat die bestaande kooperatiewe masjinerie toelaat, dan moet mens, vreemd genoeg, van die kapitalistiese organisasievorm gebruik maak. Dit bewys die noodsaaklikheid van 'n verbreding van die kooperatiewe beweging, en hierdie gedagte moet ons saam met ons nasionalisme in die ekonomiese wêreld indra.

BEROEPE IN REGERING

Op politieke gebied moet ons nasionalisme ruim genoeg wees om alle seksies tot samewerking te beweeg. Ons moet 'n organisasievorm ontwikkel wat nie alleen ruimte binne die volkeeenheidskring sal bied vir alle politieke seksies nie, maar ook vir alle ekonomiese groepe. Ja, die ekonomiese groepe moet ook by die eenheidskring ingeskakel word, sodat hulle ook verbind kan word aan die landsbestuur. Die beroepe moet ook hul deel kan bydra tot politieke beleidsvorming, om in samewerking met die politieke seksies die eenheid van volksbeleid te verkry.

Dit is my geloof dat die Ossewabrandwag, van al die organisasies in ons land, alleen in staat is om hierdie gedagtes te dra en in die volkslewe te vestig. Dié O.B. besit die bereidheid tot samewerking. Die O.B. is die draer van die toekomsstelsel wat ons volk sal laat standhou.

O.B.-BEGRAFNIS OP ALBERTON

Op Sondag, 22 Julie het onder blyke van groot belangstelling die begrafnis plaasgevind van wyle mev. Venter, in lewe kommandante van die Ossewabrandwag, Alberton.

Die diens is waargeneem deur ds. Raats van Germiston. Hy het na aanleiding van Hand. 9: 36 gesê dat mev. Venter 'n ware Tabita was — oorfloedig in goeie werke. Haar lewe was liefdediens aan haar medemens.

By die kerk het vier offisiere waggestaan by haar kis, wat bedek was met die O.B.-vlag.

By die graf was daar 'n erewag van die vroue-afdeling. Genl. K. Malan, hoofvrou van die Gebied, het ook aan die oorledene hulde gebring. Onder die aanwesiges was die gryse ou vader van die oorledene.

Die aanwesiges is bedank deur hoofkomdt. Van Zyl.

VRYE VAKANSIE

Vir Skeppende Hande!

BAD WARMWATERBERG bied dit aan 'n Loodgieter, Skrynwerker, Timmerman, Messelaar, Skilder of enige ander ambagsman wat bereid is om deeltydse werk te doen ter verbetering en verfraaiing van hierdie natuurlike gesondheidsoord van die Klein Karoo.

Kom herwin u kragte en lewenslus deur die wisselwerking van arbeid met ontspanning en rus en geniet daarby die goeie voedsel, gesonde lug en die heilsame warm minerale water wat Bad Warmwaterberg u bied.


Gereelde besoekers en ander badgaste word daaraan herinner dat plekbespreking vroegtijdig moet geskied ten einde teurstelling te voorkom.

Die Water-Wat-Genes is altyd tot u beskikking maar die lente-seisoen gaan met sy blommeprag verby.

BESTUURDER,
Bad Warmwaterberg,
oor Barrydale, K.P.



NEEM TOE IN POPULARITEIT



IN 'N VERANDERENDE WERELD

Kommando
-SIGARETTE

ROND OF OVAAL

WAARDE VIR GELD

5N2274

A.V.B.O.B.

Lykbesorgers, Grafsteenmakers,
Begräfnisverkeeraars
BLOEMFONTEIN — PRETORIA
130 Takke

Excelsior Wyne en Brandewyne

Aan EXCELSIOR Wyne is toegeken drie Silver bekere en verskeie Eerste Pryse op die jaarlikse Westelike Provinsiale se Wynskou.

PRYSLYS:

	Per Bottel in 12 Bottels	Per Gelling in 6 Gel. Vaatjies
WYNISOORTE:		
Spesiaal (Soet)	2/6	11/-
Wit Jeripigo	1/9	8/6
Rooi Jeripigo	1/9	8/6
Malmsey	1/9	8/6
Wit Soet Muskadel	1/8	8/-
Rooi Soet Muskadel	1/8	8/-
Soet Port	1/8	8/-
Port	1/7	7/6
Pontak	1/7	7/6
Worcester Hock	1/7	7/6
Spesiale Sjerrie	1/7	7/6
Sjerrie	1/6	7/-
Ou Bruin Sjerrie	2/3	—
BRANDEWYN:		
Eureka	8/6	—
A 1	8/-	—
Boegoe	7/6	—
LIKEURS:		
Kersie	6/6	—
Van der Hum	6/6	—
Crème de Menthe (Peperment)	7/6	—
Anys	6/6	—
Gemmer	6/6	—
JENEWER	7/6	—
JENEWER-LIKEURS:		
Lemoen	7/6	—
Suurlemoen	7/6	—
„COCKTAIL”	4/-	—
Vermouth (Franse en Italiaanse tipes)	2/9	—

GELIEWE DAAROP TE LET: — Bestellings word opgemaak van enige verskeidenheid wyn, brandewyn en likeurs, mits dit 'n kisse van 12 bottels is.

Bestellings word siegs uitgevoer KONTANT MET BESTELLING OF KONTANT BY AFLEWERING plus K.B.A.-koste, vry op spoor Vlakteplaats-Stasie. KONTANT PLUS SPOORVRAG moet bestellings vergesel wat op Bus-haltes of Haltes afgelaai word, andersins sal bestellings na naaste Stasie versend word.

Die volgende deposito's moet bestellings vergesel, nl. 20/- per vaatjie en 5/- per kisse met bottels. Gemelde bedrae word vergoed sodra lee inhouers terug ontvang word, spoorvrage betaal na Vlakteplaats-stasie.

WANNEER LEE INHOUDERS TERUGGESTUUR WORD, MOET ETIKETTE NIE VERWYDER WORD NIE. DUPLIKAAT-VRAGBRIEWE VAN AFSENDING MOET OOK AAN ONS GESTUUR WORD.

Bestel van
EXCELSIOR WYNAKERY,
(Elen. John Schoeman)

Posbus 1. Foon 902. Telegr.: EXCELSIOR.

VLAKEPLAATS-STASIE, K.P.

DIE O.B., WOENSDAG, 1 AUG. 1945.

GENL. SMUTS GEE HOOP

Genl. Smuts het die moeilike taak om sy volgelinge geleidelik weer tot nugterheid te lei nadat hulle vir ses jaar lank en selfs langer dronk gemaak was met oorlogshaat. Tot verbasing van seker 'n baie groot deel van sy demokratiese kuddes het hy kort na die stigting van die nuwe volkebond, in Kanada aangekondig dat die volgende oorlog in sig is: „Wees voorbereid . . . Ek het meer gesien as die individu”, het hy gewaarsku en selfs skuld aanvaar as een van die staatsmanne wat saam met die pers „sake verbrou” het.

Hierdie waarskuwing het gevolg op die mooi artikeltjies wat veral die Engelse pers nog besig was om aan die demokratiese publiek op te dis. Oorlog gaan nou uitgeskakel word, want die groot „bron van oorlog”, die Duitse militêre staf, gaan ontbind en vir altyd gelikwider word. Ja, om heeltemal seker te maak dat daar nie weer 'n oorlog van agressie sal ontbrand nie, sal Duitsland vir dertig jaar lank beset word deur die vrededuiers van die wêreld. Om die noodsaaklikheid van so'n besetting te onderstreep, het die Britse pers selfs 'n „misdaad-rekord” van Duitsland saamgestel oor die afgelope 1,500 jaar. Daar is bevind dat die Duitsers in hierdie 15 eeue 33 maal in 'n oorlog betrokke was, „hoewel toegegee moet word”, so het dit gelui, „dat dit ook verdedigingsoorloë insluit waar Duitsland deur ander aggressiewe volke aangeval is”. En om nog sekerder te maak dat Duitsland met sy 33 oorloë oor 15 eeue nie in 'n 34ste een betrokke sal raak nie, is benewens die militêre staf ook die Duitse nywerheidsleiers en bankiers gelikwider.

EEUE VAN ONREG

Genl. Smuts, wat in die laaste TWINTIG jaar van die vorige eeu beleef het hoe Engeland drie aggressies met wapengeweld teen die Transvaalse Republiek alleen gepleeg het — om maar te swyg van sy aaneenskakeling van veroweringsoorloë in Indië, Afrika en Amerika in die afgelope drie eeue, waaronder een om Amerika te belet om selfstandig te word; en om ook maar te swyg van 'n „honderdjarige oorlog” waarin die Britse koning aanspraak op die Franse troon gemaak het — genl. Smuts wat hierdie geskiedenis so goed ken dat hy selfs „'n Eeu van Onreg” kon skryf, weet dat dit nie die Duitse militêre staf is wat in die pad van die ewigdurende vrede op aarde staan nie, en ook nie die Duitse volk nie. Daarom kon hy waarsku dat die volgende oorlog in sig is ten spyte van die likwidering van die Duitse militêre staf, nywerars en volk.

Genl. Smuts se pers het 'n paar maande gelede nog tande gewys as 'n leser in een van die Engelse koerante dit gewaag het om te praat van „sommige goeie” Duitsers wat nie gestraf moet word nie. Daar is nie so iets soos goeie Duitsers nie — hulle is almal skuldig en oorlogsugtig. Op hierdie haat is genl. Smuts se demokratiese kuddes gevoed ook tydens sy afwesigheid in Amerika.

NUWE HOOP

Nou kom genl. Smuts terug en in sy eerste toespraak beklemtoon hy dat die Duitse volk as sodanig nie gestraf mag word vir die dade van enkele Duitsers nie. Dit sou ontrouheid wees aan die Geallieerdes se eie beginsels. Hierdie uitlating van genl. Smuts is 'n stap vorentoe uit die dronkenskap van wêreldpolitiek. Hoeveel indruk sy woestyngeroep op die wêreld daarbuite, waar hy as 'n blote „simbool” beskou word, sal maak, weet ons nie. Maar hierdie ietwat late blyke van nugterheid aan die kant van genl. Smuts, behoort binne Suid-Afrika darem sy uitwerking te hê, mits dit nie by woorde alleen bly nie. Dit stel by voorbeeld 'n deel van die Afrikanervolk in nuwe lig — daardie deel wat tot nogtoe as vyandsonderdane behandel en van byna alle regte ontnem is omdat hulle nie geglo het dat Duitsland alleen verantwoordelik is vir oorloë en daarom vernietig moet word nie.

En ook stel dit die geïnterneerde Duitsers in die Unie in 'n ander lig, hulle vir wie daar in afwagting op genl. Smuts se bevel, 'n verbanning wag na iets wat eenmaal bekend gestaan het as Duitsland. Genl. Smuts se erkenning dat alle Duitsers nie gestraf kan word vir die dade van enkele nie, gee sekerlik hoop vir hierdie mense wie se lot 'n paar dae gelede nog nie minder benydenswaardig was as dié van 'n troklading slagvee nie.

TIERVLEI

hou

O.B.-DAG-FUNKSIE

op terrein langs Du Bois-Haar-salon, Prinslooeweg,

TIERVLEI

op Saterdag, 4 Augustus

Opening van Basaar 2 n.m. deur Genl. Retief.

Kom koop heerlike lekkernye en wees saam met ons gesellig.

Die O.B.-Blaasorkes sal optree.

Alle Afrikaners welkom.

Prins Albert-Kommando

hou

FONDSDAG-FUNKSIES te ZEEKOEKAT

Saterdag, 18 Augustus
vanaf 10.30 v.m.

te PRINS ALBERT
Saterdag, 25 Augustus
vanaf 2.30 n.m.

ALMAL IS WELKOM!

In Brittanje het die Wiel Gedraai

(Deur Prof. J. A. Wiid)

Winston Churchill het gedurende die afgelope oorlogsjare meermale teenoor sy vyande die woorde aangehaal: „the mills of God grind slowly, but they grind exceedingly small”. Die uitslag van die jongste algemene Britse verkiesing het oud-premier Churchill bepaald aan hierdie woorde en aan die spreekwoordelike wiel wat draai, herinner.

'N KOLOSSALE NEDERLAAG

Soos bekend het die jongste verkiesing op 'n kolossale nederlaag vir Churchill en die regerende Konserwatiewe party uitgeloop. In die vorige Parlement het die Konserwatiewe party teenoor die Arbeiders — die enigste twee sterk partye in die Britse parlement — 'n meerderheid van ongeveer twee teen een gehad; in die verkiesing het die toestand so radikaal verander dat die verhouding ongeveer sal wees twee Arbeiders teenoor een Konserwatiewe. Met ongeveer 390 lede teenoor ongeveer 195 van die Konserwatiewe party, beskik die Arbeiders vandag oor 'n volstrekte meerderheid in die Britse Laerhuis.

Vir diegene wat slagoffers van die Britse propaganda is, sal die uitslag van die verkiesing sonder twyfel 'n verrassing wees. As die voorspellings van die Britse nuusdiens, die Britse radio en die Britse rolprent juis was, dan sou die Arbeiders nie vandag baas in Engeland gewees het nie. Vir diegene wat nie blind vir die tekens van die tyd was nie, het die uitslag van die Britse verkiesing geen verrassing gelever nie: die algemene en grootskaalse swenking na links op die Europese vasteland was 'n duidelike skrif aan die muur ook vir die Britte. Die Engelse arbeiders het in elk geval nie in twyfel verkeer nie, anders sou hulle nie op eie inisiatief en op 'n vir hulle skynbaar ongunstige tyd, stip, samewerking met die Konserwatiewe party opgesê het en 'n verkiesing uitgelok het nie.

BINNELANDSE REPERKUSSIËS

Die partypolitieke omwenteling in Brittanje is nog te jonk om vandag reeds sy reperkussies met sekerheid te kan voorspel. Selfs die verkiesingsbeloftes en eleksieprogram van die Arbeiders kan nie as sekere maatstaf en betroubare weerglas vir komende gebeurtenisse dien nie. Dit is immers bekend dat 'n opposisieparty, soos die Arbeiders tot onlangs was, veel meer belofte as wat hy kan uitvoer wanneer hy 'n regeringsparty geword het. In die verlede het die Konserwatiewe elemente in Brittanje, met die Kroon, die Anglikaanse kerk en die Britse geldmag as steunpilare en met die gees van Oxford, Cambridge en die „English Public School”

as inspirasie nog altyd, sedert die einde van die sewentiende eeu (1688) daarin geslaag om radikale elemente, of dit nou Liberales of Arbeiders was, te beteuel en op konstitusionele bane te lei. So was dit in die verlede; of dit ook in die toekoms so sal wees, is 'n ander vraag waarop nie nou ingegaan kan word nie.

Wat egter vasstaan, is die feit dat die Britse kieserskorps sedert die vorige algemene verkiesing op onmiskenbare wyse links geswaai het, dat die nasionalisasie van Britse ondernemings en welvaartsbronne prominent op die Arbeiders se program staan, dat die goed geadverteerde, maar reeds lang agterstallige Beveridge-plan van „sosiale veiligheid” wat onder die Churchill-bewind geëlds is, nie daarin geslaag het om die vertroue en steun van die Britse arbeiders vir hul gewese Premier te wen nie en dat die Britse kiesers hul groot leier wat „die oorlog gewen het” nie bevoeg beskou om ook die „vrede te wen” nie, maar hom na die politieke woestyn verban het. Dit is die kronkelende weë van die party-politiek!

BUITELANDSE REPERKUSSIËS

Ook oor die buitelandse reperkussies van die partypolitieke omwenteling in Brittanje is dit nog te vroeg om 'n finale oordeel uit te spreek. Dit staan egter vas dat Winston Churchill se stem nie langer in die konferensie-saal van die „Drie Grotes” gehoor sal word nie. Hy is as 't ware deur sy eie mense van die Potsdammer konferensietafel weggeruk en in die politieke woestyn gestuur. Van die „Drie Grotes”, Roosevelt, Churchill en Stalin, is dit nog net laasgenoemde wat oorbly. Teenoor Truman en Attlee wat op hierdie tydstip seer seker nog nie die internasionale gewig van hul voorgangers dra nie, staan Josef Stalin in 'n besonder sterk posisie. Nie alleen staan sy soldate vandag in Berlyn, Weenen, Belgrado, Budapest, Praag en Boekarest nie, maar sy persoon en naam dra sonder twyfel meer internasionale gewig as dié van die huidige regeringshoofde van Amerika en Brittanje. Ook staan die huidige Arbeider-regering in Londen, ofskoon nie kommunisties nie, ideologies veel nader aan Moskou as die Konserwatiewe regering van Churchill.

Oor die uitslag van die Britse verkiesing en sy potensiele binne- en buitelandse reperkussies word daar vandag in Washington, Londen en Moskou waarskynlik heel verskillend geoordeel. Winston Churchill het in elk geval aan eie lyf met die „draai van die wiel” kennis gemaak. Ook hy ondervind dat „the mills of God grind slowly, but they grind exceedingly small”.

OSSEWABRANDWAG-DAG

STELLENBOSCH

STADSAAL — SATERDAG, 4 AUGUSTUS

Oggend (10 v.m.—2 n.m.):

BASAAR — KAFEE — MIDDAGETE.

Formele opening 10 v.m. deur Genl. Mevr. Dr. J. S. DU TOIT.

Aand (7.30 n.m.—11 n.m.):

VERSCHEIDENHEIDSPROGRAM — MUSIEK — VOLK. SPELE — KAFEE — (Bring mes, vurk en lepel saam).

Almal Welkom!

Vrystaat Oorgehaal Vir 8 Augustus

Verwagting Dat Verlede Jaar se Opbrengs Oortref Sal Word


Die Vrystaat is ten volle oorgehaal vir die O.B.-dag-insamelings, na genl. C. L. de Jager, Gebiedsleier van die Vrystaat (Gebied C) Die O.B. meedeel. Die generaalskappe gaan die uiterste poging aanwend om hul verrassende opbrengs van verlede jaar, nl. £6,000 — wat die vorige jaar se opbrengs met £2,000 oortref — vanjaar aansienlik op te stoot. Hulle besef dat die vyande van die Ossewabrandwag met gretige oë op 8 Augustus staar in die hoop dat dit die bewys sal lewer dat die Beweging as gevolg van die oorlogsverloop agteruit gegaan het. Genl. De Jager is egter oortuig, te oordeel na die buitengewone geesdrif en ywer van die offisiere en brandwagte, dat die vyande met angsvolle ontugtering ander kant sal uitkom.

Die generaalskap van Vrede onder genl. Odendaal maak hom klaar vir 'n baie hoë bedrag. Die kommando's van Reitz wat deel daarvan uitmaak, is by voorbeeld vasberade om hul opbrengs minstens te verdubbel, en genl. De Jager meen dat hulle daarin gaan slaag. Die samewerking en ywer is uitstekend. Hul funksie word op 7 Augustus gehou.

Dan is daar die generaalskap van Fouriesburg onder leiding van genl. H. A. J. du Toit, wat verlede jaar £1,100 ingebring het. Genl. De Jager meen dat hulle met 'n skokkende verrassing vir ons vyande voor die dag sal kom.

Die Vryburgse generaalskap (genl. P. J. Grobbelaar) wat verlede jaar die ander uitgestof het met 'n bedrag van naby £1,300, sit oorgehaal soos nooit tevore. Geruime tyd gelede reeds het die offisiere aangekondig dat hulle vanjaar nog beter gaan presteer, en diegene wat bekend is met hierdie offisiere, weet dat dit nie maar net praatjies is nie.


POLITIEKE SLAGOFFERS VAN 'N PARTYBEWIND



D. S. ROOS van Komatipoort.

Was spoorwegklerk. Op 2 Maart 1942 in hegtenis geneem en in die Ermelo-tronk aangehou. Op 25 Mei na interneringskamp gestuur. Op 8 Augustus 1944 op parool uitgelaat.

„Ek sal my mede-Afrikaner nie in die steek laat riep en hom nie aan die vyand uitlewer nie”.



Mev. M. Oberholzer, kommandante van die Christiaan de Wet-kommando in Vryburg, wat verlede jaar die wisselskild verower het vir die kommando in Gebied C wat die grootste gemiddelde bedrag per persoon ingesamel het. Sy is van plan om dit weer te wen.

DIE HOOFSTAD

Bloemfontein het in die afgelope tyd tot ontwaking gekom, en daar word fluks gewerk onder leiding van genl. A. van Krimpen. Waar die H.N.P.-leiding kort gelede groot misnoë uitgespreek het oor die swak ondersteuning wat die Vrystaatse hoofstad aan die party se Strydfonds verleen het, is die O.B.-leiers oortuig dat hulle nie teleurgestel sal word in hul verwagtings nie.

'n Interessante feit van Bloemfontein is dat die Gebiedshoofkwartier selfstandig besig is om fondse vir die generaalskap by te dra, en tot sover het die paar lede deur skeppende arbeid reeds £25 byeengebring. Genl. De Jager self het in sy spaartyd — waarvan hy maar weinig het — allerhande artikels vervaardig en verkoop.

In die ander generaalskappe is die ywer net so hoog en daar is seker nie een wat nie 'n vooruitgang sal toon nie. Die Vrystaat sal in elk geval nie die vyande van die O.B. laat lek-kry kry nie. Inteendeel. Genl. De Jager het die mening uitgespreek dat hy ná die insamelings in staat sal wees om aan te kondig dat die O.B. van die Vrystaat 'n groter bedrag opgebring het as wat die H.N.P. se opbrengs was vir hul Strydfonds.

Hele Volk Sal Moet Saamwerk K.G OP PIETERSBURG

Op Maandag, 16 Julie het die K.G., dr. J. F. J. van Rensburg, 'n vergadering te Pietersburg toege-sprek onder voorsitterskap van komdt. Josua Naudé.

Die K.G. het die dag ook vergaderings te Platklipfontein en Dendron toegesprek, waar die opkoms bo verwagting goed was. Op Pietersburg was daar ook 'n baie goeie opkoms, afgesien dat meeste van die mense op vakansie is met hulle kinders en hier 'n baie kwaai epidemie van griep heers.

Die K.G. het in sy toespraak gesê dat die geskiedenis wat die O.B. gemaak het, later van jare aan die lig gebring sal word.

Die republikeinse Afrikanerdom het hierdie keer ongeskonde uit die oorlog gekom. Onthou moet word dat hierdie ses jaar van oorlog nie met vredesjare vergelyk kan word nie. Dit moet met die Anglo-Boereoorlog of die 1914-1918 oorlog vergelyk word. In 1914-1918 het Afrikaner teen Afrikaner baklei en is daar meer as 'n duisend mense doodgeskiet. In daardie tydperk het die rebellie 8 weke geduur.

Na ses jaar van stryd het die O.B. daar selfstandig uitgekom. Ses jaar van storms het hy in kampe en

£140 NET UIT BASAAR OP MALMESBURY

Die eerste fondsinsameling vir O.B.-dag het 'n reuse-welslae geblyk, soos tewens ook verwag is. Malmesbury het verlede Vrydag 'n basaar gehou en die skitterende arbeid van die vroue onder leiding van komdt. C. F. Lombard, is bekroon met 'n bedrag van meer as £140 in vergelyking met minder as £100 verlede jaar. Afgesien van die basaar is daar nog groot bedrae afsonderlik ingesamel, sodat Malmesbury heelwat meer as £200 reeds byeen het.

Die geesdrif was vanjaar baie groter as tevore en die ondersteuning van die publiek uitstekend.

tronke deurlewe met alles teen hom. Ons het dit aan niemand te danke dat ons nog bestaan nie en ons vra van g'n niemand iets. Die Minister van Justisie loop rond en vertel dat hy die O.B. gaan breek. In ses jaar met 200,000 tot 300,000 militêre in uniform tot sy beskikking, kon hy dit nie gedoen het nie. Een van die twee gaan van die toneel verdwyn, maar dit gaan nie die O.B. wees nie.

Die partylose gesindheid van die O.B. het in breë nasionale kringe ingesink. Die O.B. het die volk geleer dat die Afrikaner 'n woord van eer het. Ons het gevalle soos Elsabe Nel en Julian Visser en so baie meer. Die O.B. het deur sy nasionale en sosiale

gedagte gesorg vir die afhanklikes van geïnterneerdes. Hierdeur het hy deur sy lyding die siel van die Afrikanerdom gered.

Die O.B. het altyd samewerking gesoek. Hy het altyd die punte van ooreenkoms en nie van verskil gesoek. Ons weet dat geen groot probleem in S.A. aangepak kan word sonder die samewerking van die hele Afrikanerdom nie. Omdat die O.B. selfstandig uit die stryd gekom het, is hy vry om te maak wat hy wil. Hy kan sy eie terme maak met vriend of vyand solank sy gewete skoon is. Ons gaan 'n tyd tegemoet wat nog nooit in S.A. geken was nie. In Europa word vandag leiers (en hulle is die beste van die volk) deur gespuis doodgeskiet en die lyke geskend. Dit bewys dat daar nuwe idees kom. En hierdie idees gaan ook in Suid-Afrika deurdring. Daarom moet ons saamstaan. — (Ingestuurt).

O.B.-DAG

STADSAAL — PAARL

Vrydag, 10 Augustus

BASAAR begin 3.30 n.m.

AANDETE: 6—7.30 n.m.

TOESPRAAK: 8 n.m.

deur

DR. ERIKA THERON,

Universiteit Stellenbosch.

Aberdeen-Kommando

'N FUNKSIE

ter stywing van fondse vir 8 Augustus word gehou in die DINGAANSFEESBOS

op

Maandag, 6 Augustus 1945

Vlaghysing om 10.30 v.m.

Toespraak

(moontlik genl. Anderson)

3 n.m.

Jukskei en ander Speletjies. Alle

soorte Gebak en Braaivleis.

Almal welkom!

HARRISMITH

hou

OSSEWABRANDWAG-DAG

op

4 AUGUSTUS 1945

BASAAR IN OGGEND

Jukskei en Braaivleis in Park

VERGADERING AAND IN

STADSAAL

Sprekers: Generale Meyer,

Genl. Grobbelaar, en

Genl. Thos Pienaar.

KOM GENIET, LUISTER EN

ONDERSTEUN

Die Hooffunksie vir Fondsdag in Gebied C word gehou in REITZ-STADSAAL

op

DINSDAG, 7 AUGUSTUS 1945.

Program:

10 v.m. OPENING DEUR GENL. C. MEYER.

10.30 v.m. TEE EN VERKOPING.

12.30 n.m. MIDDAGETE.

2.30 n.m. ONTMOETING VAN KOMMANDANT-GENERAAL OP PETRUS STEYN-PAD.

3.15 n.m. TOESPRAAK DEUR DR. PIET MEYER.

4—6 n.m. KOFFIE EN BRAAIVLEIS.

8 n.m. OPENBARE VERGADERING TOEGESPREK DEUR

KOMMANDANT-GENERAAL DR. J. F. J. VAN RENSBURG.

KOM ONDERSTEUN ONS.

Verkiesing In Kimberley: K.G. Gee Leiding

Die Kommandant-Generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, doen onderstaande verklaring in verband met die tussen-verkiesing in Kimberley-distrik:

Op 5 September vind 'n tussenverkiezing plaas in Kimberley. Die kandidaat is V.P. en H.N.P. of V.P. Vir die O.B.-gesinde kieser is die V.P.-kandidaat vanselfsprekend buite kwessie. Maar ook is dit onmoontlik vir hom om met selfrespek vir die H.N.P. of V.P.-kandidaat te stem. Omdat g'n O.B.-man of -vrou goed genoeg geag word om lid van daardie party te wees nie.

Dit word blykbaar deur H.N.P. of V.P.-leiers van u verwag om, nes 'n Kaapse kleurling, te vra: „Meneer, ek is wel nie goed genoeg om lid van u party te wees nie, maar mag ek vir u stem, asseblief?”

Herhaalde aanbiedinge van O.B.-steun is deur die H.N.P. of V.P.-leiding botweg van die hand gewys. Die jongste geval was met die onlangse uitnodiging tot 'n gesamentlike parlementêre front teen die Smuts-regering. Deur hierdie hardnekkige weiering van aangebode samewerking het dr. Malan en sy luitenant verkies om setels aan generaal Smuts te gee, liever as om u as mede-Afrikaners met gelyke strewes te erken.

As u eie persoon te sleg vir hulle is, hoe kan u stem goed genoeg wees?

Die O.B.-man en -vrou met Afrikaner-selfrespek kan sekerlik vir geen van die twee kandidaat stem nie.

ALGEMENE HANDELAAR

PRODUKTE KOPER

S. J. KRYNAUW

Kruideniersware teen die billikste pryse.

Bestellings word opgeneem en onmiddellik by u huis afgelewer.

H/v. GARCIA en NUWESTRAAT
Foon 66 Bus 56

BEAUFORT-WES.

KWEEKPLEK VAN RENEGATE

'n Korrespondent wys in 'n brief aan die Cape Times op die sterk invloed van die Universiteit van Oxford op buitelandse studente. Dit geld in hierdie geval twintig Duitse studente wat met behulp van Rhodes-beurse sedert 1933 in Oxford studeer het. Van hierdie twintig kan verslag gedoen word van agt wat almal teen Duitsland geveg of gewerk het in die buiteland. Van die ander wat binne Duitsland was, kan geen verslag gedoen word nie, behalwe dat daar 'n vermoede is dat een, wat 'n „S.S.-type” was en ongewild by die Engelse en Duitse studente was, by sy land sou gestaan het.

Dit is ook vir Afrikaners van belang om te sien wat eintlik agter die Rhodes-beurse sit. Minstens veertig persent van die Duitse Rhodes-studente het teen hul eie volk verraad gepleeg!

Stopwol kan baie maklik deur die naald se oog gestee word indien die punt van die wol gelyk geknip en met 'n stukkie harde seep platgedruk word.

WYKSLEIER WIL O.B.-LEDE AS GROEOPLEIERS BEHOU

Volk Moeg Vir Party-Politieke Praatjies en Skeurmakery

Hoofkomdt. W. R. Laubscher, Voorligtingsoffisier, wat so pas van 'n reis in Generaalskap A4 teruggekeer het, het hom baie hoopvol oor die toekoms uitgespreek.

Daar is letterlik geen geesdrif vir politieke partye en kandidatepraatjies nie, het hy verklaar. Oral luister mense met aandag en erns na die beleid en koers van die Ossewabrandwag.

Veral vind die Volksfront-gedagte van die O.B., met sy grondslag van beroepsverteenvoording, geesdriftige byval. Die volk begin die parlement en die party-verteenvoordigers wat daarvan lede is, in die regte perspektief te sien. Weinig mense, indien selfs enige, glo vandag nog dat die parlement of 'n betrokke „Lid” iets, hoe gering ookal, vir sy kiesers of sy kiesafdeling kan of wil doen. Dit ly geen twyfel dat die volk na 'n ander middel as die huidige parlement soek om sy wil te laat geld. En hierdie middel sien die volk in 'n raad van beroepsverteenvoordigers soos die O.B. bepleit.

SOOS VOELS

Lede van die Verenigde Party sit soos voëls op takke. Hulle weet dat hulle party van sy takke gaan verloor en hulle weet nie met watter tak hulle moet val nie; ook nie of hulle liever aan die stam moet vaskleef nie.

Ek is bewus daarvan, het hoofkomdt. Laubscher verklaar, dat baie Verenigde Party-lede moeg en sat is van die partypolitiek, en dat baie lede bitter teleurgesteld is met die vrugte van die oorlogspoging. Vir sulke Afrikaners bied die beleid van die O.B. nuwe lewe en die Volksbeweging 'n nuwe tuiste.

Hoofkomdt. Laubscher het verklaar dat daar baie takke van die Herenigde Party is wat swaarmoedig voel oor die verdeeldheidstrewes van hul party-leiding en oor die uitskop-beleid van dr. Malan. Langs die weg wat dr. Malan en sy geesgenote ingeslaan het, sien hulle vir hul party geen toekoms nie — net die dood.

DISTRIKSLEIER SE VERSOEK

'n Distriksleier van die H.N.P. het my versoek, aldus hoofkomdt. Laubscher, om O.B.-lede te vra om tog maar lede van H.N.P.-takke te bly en selfs groepleiers te wees — anders loop die takke dood.

Die betrokke distriksleier het verklaar dat by die volgende kongres beskrywingspunte ingedien sal word deur baie H.N.P.-takke om die berugte uitskopbevel van 15 Junie, so dan nie te kanselleer nie, dan tog te wysig!

Afrikaners wat vroeër kwaai H.N.P.-gesind was, kyk vandag met jaloesheid na die eerlike en konsente eenheidstrewes van die O.B. en sy leiers, en hulle kry 'n bitter smaak in die mond as hulle dink aan die verbitterde optrede van hul partyleiers. Hierdie Afrikaners sal baie gou ook, saam met al die lede van hul volk, 'n tuiste vind in die Afrikaner se Volksbeweging.

Komdt. Laubscher het verklaar dat die O.B. 'n taak voor hande het, 'n

taak wat volbring moet word indien die Afrikanervolk vry en welvarend wil leef. Hitler se dood en Duitsland se nederlaag het nie veroorsaak dat Suid-Afrika se probleme in 'n nag se tyd opgelos is nie, of dat huise by die dosyne verrys het nie. Min. Harry Lawrence moet nog huise bou vir Afrikaners, al is Hitler verslaan; en die probleme van Suid-Afrika moet nog opgelos word, al is Duitsland platgeslaan. En dit kan nie gedoen word onder die kapitalistiese stelsel nie — die tussen-oorlogse tydperk (1919—1939) het dit oor en oor bewys.

Die taak van die Ossewabrandwag is duidelik . . . Sy pad lê oop.

Dit Was My Besieling

Mnr. S. W. Greeff, Robertson, skryf:

Dit is met diepe erkentlikheid in my hart dat ek hierdie brief namens my vrou en myself aan u rig om u te bedank vir die ondersteuning wat u aan haar gegee het in die jare van my gevangenskap en aan u te sê om hierdie ondersteuning nou maar te staak, aangesien ek nou weer 'n heenkome gevind het, hoewel nog onder beperking.

Vir haar was dit die middele tot bestaan; vir my die besieling, die waarborg dat daar nog dit in die siel van my volk oor was wat hom groot kan maak. Die opoffering daarin opgesluit — ek weet van gevalle aan die hand waar arm families hul week se vleis-sjieklinkie afgeknyp het om aan die Noodhulpfonds te gee — is die grondslag van die lewensbeskouing wat ons huldig. Dit is godsdiens en lewe tegelyk geopenbaar in die doen van een mooi daad; 'n daad wat navolging wek, wat inspireer en wat sy doener veredel en tegelykertyd die bloedsuier en parasiet, die egoïs en selfsoeker beskaam in soverre sulkes nog vir beskaming vatbaar is.

Van nou af hoop ons om ook ons bietjie weer by te dra om die ander broers wat nog ly te help. Dit sal plaaslik geskied.

Nogmaals baie dankie vir wat vir ons gedoen is. Die goeie dinge vergaan nooit. Dit het die Gewer van alle goeie dinge ons geleer en ook hierdie goed wat gedoen is, sal leef in die harte van mense lank ná alle stoflike dinge vergaan het.

Ons seënbede is vir die Noodhulpfonds se voorspoed en kragtige groei om sy heilsame werk voort te sit en daartoe sal ons ook ons daadwerklike steun gee.

ONDERSTEUN ONS
ADVERTEERDERS

BINNE 10 DAE

'N GESONDER MAN . . .

BINNE 90 DAE

'N STERK MAN . . .

of so nie betaal ek u lesgeld terug.

JOHAN HEFER

se duisende suksesse is
U WAARBORG

Seuns en jong mans verlang
MOOI SPIERE en
REUSE KRAG . . .

Bejaarde mans verlang
BLYWENDE GESONDHEID

JOHAN HEFER voorsien in altwee.

Ontvang u kursusse deur die pos en oefen in 'n slaapkamer, sonder dat enigeen daarvan weet.

Billike pryse. Maklike terme.

Skryf vandag of vul die Koepon in en pos dit aan:


JOHAN HEFER
Hefer-Instituut — Bus 3494, Kaapstad.

Stuur my asb. gratis besonderhede omtrent u kursusse.

Naam

Adres

Ouderdom



Prof. Du Plessis Neem Huidige Situasie in Oënskou

Partywese Nie Bereid Vir Eenheid En Sosialisering

Lesers sal seker opgemerk het dat ek maar nie by die besonderhede van ons sosiaal-ekonomiese toekomsbeleid kan uitkom nie. Die rede is nie dat daar nie genoeg oor te sê is of genoegsame helderheid deur ons nog verkry is nie: Soos reeds meermale gesê, die planne lê gereed vir uitvoering.

Die moeilikheid is egter dat dit nie veel baat om oor toekomsbeleid in besonderhede uit te wei, as die masjinerie vir die uitvoering nog nie beskikbaar is nie en dit ook onseker is of en hoe die nodige masjinerie in orde gekry sal word. Ons het reeds daarop gewys dat die parlementêre demokrasie vir dié doel ongeschik is, dat daarvoor vereis is 'n nasionale eenheidstaat met beroepsverteenvoordiging, wat geen demokrasie sal wees en ook geen diktaatuur nie.

Deur

Prof. L. J. DU PLESSIS

Prof. S. du Toit het in 'n vorige uitgawe van Die O.B. ook die eis gestel dat dit nie 'n piramidale hiërargie moet wees nie, dit wil sê nie 'n gesagsorganisasie wat soos 'n piramide van een toppunt af die gesag trapsgewys laat afdaal na steeds breër lae van gesagdraers ondertoe tot by die gewone volk nie. Dit kan ons hom toegee so ver dit die kerk betref, maar die staatsgesag was nog altyd piramidale hiërargies, mits ons maar onthou dat 'n hiërargie wel van bo af afdaal, maar 'n piramide eikelig van onder af opstyg. M.a.w. ons ideaal is dat die volk 'n staats-hoof aanwys, dat hy trapsgewys sy ondergeskikte benoem, maar dat van trap tot trap geraadpleeg word met volks-, streeks- en beroepsverteenvoordigers. Die gesag word dus van onder af erken, daal van bo af ondertoe, maar steeds met wisselwerking van onder af boontoe. En daar is niks verkeerd mee nie: selfs Calvin en alle Calviniste sou daar tevrede mee kan wees.

BEROEPSVERTEENWOORDIGING

Onlangs is weer van partykant 'n aanval gedoen op die idee van beroepsverteenvoordiging, maar, soos reeds aangetoon, het dit eikelig uitgeloopt op 'n verdediging van beroepsverteenvoordiging. Ons verdedig egter nie net beroepsverteenvoordiging nie, maar ook tot 'n groot mate beroepsselfbestuur. Hiervan het so pas 'n mooi uitgewerkte voorbeeld verskyn in die Nuwe Orde se blad, Die Anti-Kommunis, onder die titel: 'n Landboubeleid vir Suid-Afrika. Wat daar uitgewerk word, stem in hoofsaak ooreen met wat reeds in ons eie beleidstudie as ideaal vasgestel is, sover dit die boerebedryf betref.

Die partykritiek was egter dat daar bokant die verskeidenheid van beroepe 'n volks-eenheidsorganisasie moet wees. Natuurlik lê ons daarop nog baie sterker nadruk as wat enige party kan doen. Want ons wil nie 'n veelheid van partye nie, maar 'n politieke eenheidsorganisasie van die volk. En daaronder verstaan ons ook nie noodsaaklik die Ossewabrandwag nie. Al het dr. Van Rensburg by

Amajuba eenmaal gesê dat die O.B. offisiere in die toekoms die hoofverteenvoordigende bedryfsrade van dit slegs aanvaar as 'n noodmaatreël nadat die Ossewabrandwag deur die partywese in die steek gelaat is.

ONS IDEAAL

Die ideaal van die Ossewabrandwag is om die volk die geleentheid te gee om as eenheid sy leier aan te wys, sodat daardie leier as president van Suid-Afrika die staatsgesag as 'n eenheid onder hom en sy uitvoerende raad in die hele land en al die

WAS WEGGELAAT

„Dit is nie genoeg om die kapitalisme nasionaal te maak, soos ons tot nog toe probeer het nie; nee, ons moet ook die nasionale kapitalisme sosiaal maak, of sosialiseer”, sê prof. L. J. du Plessis in bygaande artikel. Op die volkskongres in Bloemfontein 'n paar weke gelede het hy dieselfde gesê, maar die partypers het die laaste deel weggelaat.

landsdele kan saamstel, om die regering uit te oefen in oorleg met 'n gekose volksraad, en gekose adviseerende streeksrade, ens., en met die verteenwoordigende bedryfsrade van die verskillende beroepe.

Daar is baie oor te sê, maar wat baat dit, as daar nie eers 'n weg gevind word waarlangs die volk tot 'n voorlopige eenheidsorganisasie op politieke gebied kan kom nie? Want laat dit tog goed verstaan word dat die Herenigde Party se resep: Laat almal terugkom onder die partysambreël net so onmoontlik is as wat dit sou wees om kerkenheid te soek deur die ander kerke in een bestaande kerk op te neem.

Die enigste weg is een of ander soort skakelorganisasie tussen die verskillende politieke liggame wat in hoofsaak in een rigting beweeg. Wat is dié rigting? Natuurlik is dit nasionaal en sekerlik Christelik en ook republikeins. Maar wat verder? Is dit genoeg om te sê: Anti-kommunismes?

WAT NODIG IS

Dit is wel nodig, veral as ons die oog op Europa gerig hou, waar die kommunisme as gevolg van die oorwinning op Duitsland dreig om Europa te verswelg en die Christelike Weste te oorrompel. Met die oog daarop moet ons onself sekerlik by al sy vyande skaar en teenoor so'n gevaar alle neutraliteit laat vaar. Ja, ons moet bereid wees om daarteen ons selfs by Churchill en Smuts te skaar.

Maar deur dit te sê het dit ook heeltemal duidelik geword dat: Anti-kommunismes nie genoeg is nie. Ons moet nader bepaal. Ons moet ook anti-kapitalisties wees. Anders kan

ons kapitalistiese bondgenote teen die kommunisme ons in die ou moeras vashou waar ons juis uit wil kom. En inderdaad, die kommunisme kan alleen met vrug beveg word as sy voedingsbodem, die kapitalisme, deur 'n beter sosiale orde vervang word. Veral in Suid-Afrika is die kapitalisme nog baie meer verderflik as die kommunisme. Nie dat ons ons nie teen laasgenoemde moet wapen nie. Nee seker, ons moet gewapen wees, en nie met stembusse alleen nie, maar ook met vuurwapens, of anders desnoods pikstele. Maar die hoofsaak bly vereers die kapitalisme. En ons moet 'n rigting volg wat die kapitalisme wil vervang deur iets beters.

NIE GOED GENOEG

Sal ons dit nasionaal-sosialisme noem? Teen dié naam is daar baie besware waaroor hier nie uitgewei hoef te word nie. Laat dit genoeg wees om te sê dat ons probleem nie is, soos dit in Duitsland was, om die sosialisme nasionaal te maak nie. Ons probleem is eerder om die nasionalisme sosiaal te maak. Miskien sou ons dus liever kon praat van sosiale nasionalisme.

Onlangs het ek hierdie gedagte in 'n ander verband so uitgedruk: Dit is nie genoeg om die kapitalisme nasionaal te maak soos ons tot nog toe probeer het nie; nee, ons moet ook die nasionale kapitalisme sosiaal maak, of sosialiseer.

Dis opmerklik dat die partypers die laaste uitgelat het en my net laat pleit het vir nasionalisering van die kapitalisme.

Die partywese is blykbaar nog nie bereid vir sosialisering nie, en ongelukkig selfs nog nie vir 'n politieke eenheidsorganisasie wat die verskillende volkskragte sal saamskakel nie. Want toe mnr. Naudé onlangs in die parlement 'n aanloop daartoe bepleit het, het mnr. Eric Louw hom weerspreek en Die Transvaler het beweerd dat mnr. Naudé maar net gepraat het van 'n beter verstandhouding tussen die parlementêre swepell. Dit gee egter moed dat mnr. Naudé, sonder om weerspreek te word, kon sê dat mnr. Louw nie namens sy party gepraat het nie. Daar is dus die moontlikheid dat, behalwe die Afrikanerparty, 'n deel van die Herenigde Party en miskien ook van die ander partye, binnekort 'n ruimer standpunt sal inneem.

BELLVILLE-MANNE HOU FUNKSIE

Die Manne-kommando van Bellville onder leiding van komdt. B. van Niekerk, het Saterdag 'n funksie gehou i.v.m. 8 Augustus. Die geesdrif en ondersteuning was baie goed en 'n bedrag van £40 is ingesamel. Prof. L. J. du Plessis, wat die funksie geopen het, se toespraak verskyn later.

BLOEMFONTEIN VIER OB-DAG op SATERDAG, 11 AUGUSTUS

in die
CLARENDONSAAL
vanaf 10-uur v.m.
LEKKERNYE VOLOP

In die aand om 7.30

OPENBARE VERGADERING
in die **AMBULANSSAAL — KRIEKETSTRAAT**
SPREKER:

Adj.-Komdt.-Genl. J. A. SMITH.

G. A. FICHARDT, Beperk
(Lid Afrikaanse Handelsinstituut)
**MASJINERIE, YSTERWARE,
PRODUKTEHANDELAARS**
Foon 700 Opgerig 1862
BLOEMFONTEIN

PLUIMVEE
Die Beste Firma om 'n PLUIMVEE,
EIEES en ander PRODUKTE aan te
stuur is:
C. M. ELOFF EN KIE.
(Edms.) Beperk
MOREMARK (Postbus 7185) NEWTON

W. V O I G T (Eiens.) Bpk.
Fabrikante van
**Kelder- en Besproeiings-
masjinerie.**
Bus 10 . . . HUGENOOT, K.P.

'N MOOI LEERSAK
is baie belangrik
by u uitrusting.
Kry dit by

Steyns

Die Dames-Winkel
PAROW

SASBANK

Verrig Volksdiens!

Lenings vir gesalarieerde
persone verkrygbaar.

Terme uiters billik.

RAADPLEEG SASBANK
PAARL:— Posbus 266
WORCESTER:— Posbus 57
KAAPSTAD:— Posbus 2387

MARKAGENTSAP VROË MOËRE-MARK KAAPSTAD

BETALING GESKIED ONMIDDEL-
LIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS
OF SOOS VERLANG.

BESTE HEERSENDE PRYSE.

MINNAAR & VAN SCHOOR
Elenaar: GUSTAV RETIEF.
Telefoon 2-0212.

Geklassifiseerde Advertensies

TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

Persoonlike Advertensies:

(Verloving, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 2d. per woord; minimum 4/- per plasing. Vooruit-betaalbaar.

Handelsadvertensies:

Vir een plasing: 3d. per woord; minimum 6/- per plasing. Vooruitbetaalbaar.
Vir 2 tot 25 agtereenvolgende plasinge: 2½d. per woord; minimum 5/- per plasing.
Vir 27 tot 52 agtereenvolgende plasinge: 2d. per woord; minimum 4/- per plasing.

Intekengeld op „Die O.B.” (verskyn weekliks): 10/- per jaar of 5/- vir ses maande. Streng vooruitbetaalbaar. — Skryf aan: VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.

GEBORTE

DE VILLIERS. — Die Heer het geleen op 18 Julie, net vir twee dae, 'n lief klein seuntjie aan Andrew en Freda (geb. Claasen). — Angora, Bonnievale.

DU TOIT. — Aan Veldkornet en Hoofkommandante Du Toit 'n fris O.B.-seun op 20 April. Dank aan dokter en verpleegster. Lank lewe die Ossewabrandwag. — Wylersdrift, Goudini-weg.

POTGIETER. — Aan mnr. en mev. Potgieter van Bloemhof, P.K. Ladysmith, Natal, 'n fris klein O.B.-kêrel op 17 Julie 1945. Dank aan Verpleegster en Dokter.

VERLOWING

DE BEER-KOCK. — Hiermee wens ons, Frikke en Marjorie, aan familie en vriende bekend te maak dat ons verloof geraak het.

PRETORIUS-HUGO. — Hiermee maak ons twee, Willa, jongste dogter van mev. en wyle mnr. G. J. Hugo van Kroonstad (vroeger van Bloemfontein) en Wagkaptein Schalk, derde oudste seun van mnr. en mev. P. W. Pretorius van Tierberg, aan O.B. vriende(inne) bekend dat ons verloof is.

HUWELIK

TOLKIN-GELDERBLOM. — Hiermee wens ons, Sannie, dogter van mnr. en mev. Willem Tolkin, van Veldkornet, en Cornelius, seun van mnr. en mev. Izak Gelderblom, van Hugenoot, aan familie, O.B.-vriende(inne) bekend te maak dat ons D.V. op Dinsdag, 31 Julie, om 7 n.m. in die Paarl-Vailei-Kerk trou. Geen resepsie. Gelukwensing en telegramme te Wellingtonweg 26, Hugenoot.

GELUKWENSING

GENERAAL VAN AARDE DE KOCK (A9) en sy staf wens hiermee hul gelukwensinge oor te bring aan Jeugveldkornet C. Hanekom (JA9a1) met sy sukses in die behaal van die „A.I.C.B.”-diploma.

IN MEMORIAM

STRAUSS. — In tere liefde dink ons terug aan 20 Augustus 1941, toe van ons deur die dood weggenem is my geliefde Eggenoot en ons Vader, Jacob Albertus.

Stil was sy lewe,
Stil sy lyding en
Stil sy sterwe.
— Sy verlangende eggenote, kinders en klein-kindern. — Tiervlei, Kaapstad.

GRAFSTEEN-WERKE

Grafstene, Monumente en Randmure opgerig enige plek in die Unie.
Raadpleeg ons vir 'n besonder billike kwotasie. S.A. GRAFSTEEN-EN MONUMENT-WERKE (EIEENS.) BEPERK

(Jannie Cillie, Besturende Direkteur)
Voortrekkerweg, Maitland.
Foon 5-4420 en 5-2823 — Posbus 2.

PERSOONLIK

GRYSHARE tot natuurlike kleur herstel of geld terug. 5/6 per bottel, posvry. Geld met bestelling. Kruidhandelings vir alle siektes verkrygbaar. — „DIE BOEREVROU”, Bus 7559, Johannesburg.

GARAGE. — Venter's Garage, Paul Krugerstraat, Capitol Park, Pretoria. Herstelwerk deur deskundiges. Ondersteun 'n 100 persent Afrikaanse onderneming.

LEERWERK. — Handgemaak. Notebeursies. In kleur gegraveer, afbeelding Kommandant-Generaal, Ossewabrandwag-wapen, Oom Paul, Volksheide, Dier, ens. 30/-. Dames-Handsakke 75/-. Dasse, O.B.-wapen, 8/6. — Skryf: Veldkornet M. S. VAN DER MERWE, „Brandwag”, P.K. Gilead, P. Potgietersrus.

MEUBELS. — Koop u meubels van Unika Meubels (Eiens.) Bpk., en wees verseker van u waarde en besparing. Geen katalogusse tot beskikking nie. Skryf om besonderhede en meld wat u verlang. — Hoofkantoor: VICTORIA-WEG 171, Woodstock. Takbesigheid: JAN PHILLIPS-GEBOU, Lady Greystraat, Paarl. Foon 929.

SOOMSTEK-EN PICOT-RANDJIES netjies gedoen teen 5d. per jaart. Gere voorsien. — MEV. H. J. STEYN, Joubertstraat 37, Vasco.

VAKANSIEPLAAS

Bespreek vroegtydig plek vir u volgende vakansie by MEV. A. BADENHORST, Vergenoegd, Riversdal. Die ideale plaas met sy natuurskoon. Vriendelike behandeling, gerieflike kamers, geurige etes en billike terme.

BETREKKINGS VAKANT

BENODIG. — Afrikanerseun, moet kennis hê van trekkers, om behulpzaam as voorman op plaas te wees. Salaries f8 per maand en vry inwoning; moet 15 Aug. begin; moet O.B.-lid wees. F. J. Potgieter, Mosbank, Bus 198, Bethlehem.

MOEDERSHULP. — 1 September, nodig met tweejarige seuntjie en ligte huiswerk. Salaries f5. Skryf en sluit getuigskrifte in van gedrag en bekwaamheid aan VAN ZIJL, Tullyallenweg, Rondebosch, Kaapstad.

TE KOOP GEVRA

BENE. — Die voorsiening van beenmeel is kort. Alle persone wat toegang tot bene het, word ernstig versoek om dit sonder versum aan ons te stuur. Ons betaal f7 per ton (7/- per 100 pond) vry op spoor u stasie of sylin. Dit is noodsaaklik dat adviesbriewe gepos moet word as bene gestuur word. Spoedige betaling word verseker. Leë sakke word VRY teruggestuur. Ons voedingsvoorsiening hang af van die voorsiening van beenmeel. — S.A. HUNT BEENMEEL-EN KUNSMIS-MAATSKAPPY, Warrenton.

SUURLEMOENE. — Dringend benodig 5 graansakke egte ou rowwe suurlemoene of naaste hoeveelheid. Meld prys. Herholdt se Boomkwekerie, Posbus 660, Johannesburg.

TE KOOP

ANGELIER-PLANTE. — Regina en Pioneer Angelierrante, 5/- per dosyn; f15-50 per 100; f8-10-0 per 1.000, spoorvrag betaal. 10 persent van winste gaan vir Noodhulpfondse. J. H. Roodt, P.S. Louis Trichardt.

BEESTE. — 7 Koeie in kalf; 4 Koeie met vier en jaar-oud verskalkers; 2 droë Koeie; 4 drie-jaar-oud Verse; 3 twee-jaar-oud Verse; 1 Bul, vier jaar oud. Moeder graad-koei. Vader geregistreerde bul, geteel deur mnr. Jas. T. Stryp en Seun, Bethlehem. Almal goeie rooi Afrikaners. Die lot vir f243. — Besonderde verkrygbaar by: Mnr. J. G. BLIGNAULT, Claire Vue, Senekal.

BLOMSAAD. — Vars saad: Lecubekies, Sewejaartjies, Callioptis, Jacobegrop, Gousblomme, Rand-Afrikaners, Somerasters (Asters, Afrikaners, 6dm. deursnit), 1/- per pakkie, 10 pakkies 5/-. Posvry. — PIETER BOUTHMA se Geregistreerde Kwekerie, Posbus 5, Lothair.

DEKRIET. — Beroemde Dekriet 15/6 per 100 bos. V.O.S. Albertinia. Ook alle soorte produkte en groente. Bestel dadelik by: J. S. Badenhorst, Bus 3, Albertinia.

GROENTESAAD. — Chantenay Wortelsaad 12/-. Donker Detroit Beet 10/-. Blomkool: Suiderkruis 20/-, Reliance 25/-. Spitz Kopkool 12/6. Koel en brons Komkommer 15/-. Tom Watson waatlemoen 16/-. Blaarslaai 22/-. Little Gem Skorsies 12/-. Lang Wit Bos 11/-. Raap 7/6. Uie: Australiese Bruin 6/6, Kaapse Plat 10/-. „Silver King” 12/6. Almal per pond. 2/- duurder op halfponde. Posvry. K.M.B. Premier Saadkwekers en Verspreiders, Schoemanshoek, Oudtshoorn.

HOUT. — Grof gesaagde hout van Suid-Afrikaanse denneboome (Insignis) in die volgende mate: 3dm. x 9dm., 1½dm. x 9dm., 3dm. x 6dm., 1½dm. x 6dm., 1dm. x 6dm., 1dm. x 9dm., 3 x 4½dm., 1½dm. x 4½dm., 3dm. x 3dm., 2dm. x 3dm., 1½dm. x 3dm., ens. Meld hoeveelheid benodig. 'n paar stukke of trokvrage, gelewer op George-stasie. — J. A. MEYER, Blanco, George.

JUKKE. — 5/- elk. Swingels 4/6 stel. K.M.B. Doen aansoek: H. Gerber, Bus 127, George.

KARROO-KRAALMIS. Gemaal met hamermeul, 100 jaar oud, 35/- per ton, 12 sakke. Kontant met bestelling, gelewer Middleton-stasie. — S. C. NEL, De Rust, P.K. Golden Valley.

KUIKENS. — R.I.R. dagoud kuikens teen f6-10-0 per 100. Leghorns, dagoud, teef f6-10-0 per 100. K.M.B. Almal Riverbend Stud Poultry Farm. Tome gewaarborg B.W.D.-vry. Verkrygbaar vanaf 1 Sept. tot einde November. — Van M. W. BEZUIDENHOUT, Groube Hill Farm, Meisieshale, Oos-Londen.

20.000 DAGOUD-KUIKENS maandeliks verkrygbaar vanaf April. Australorps, Leghorns en kruis van Leghorn en Australorp, teen f6-10-0 per 100 K.M.B. of K.B.A. Almal gebroel van uitgekoekte, sterk, gesonde hoenders. Bestel dadelik om teurstelling te voorkom, van: H. R. NAKEN, Weltevrede Plumvee-plaas, P.K. Kersfontein, Paarl. Foon 6263.

MEUBELS. — Besoek of skryf aan die saak waar u waarde, diens en tevredenheid kry. Petra-Meubels Bpk., Sentraalstraat 220, Pretoria. Posbus 1358. Foon 2-0194.

MIELIE-DORMSASHEN EN TREKKER. — Een 5-vt.-drom Ransomes Mielie-Dormsashen en 30-10 perdekrag Allis Chalmers-Trekker. Die stel het elke dag nog gedors en is in goeie werkende toestand. Alles op staalwiele. Kan verkry word vir die geringe bedrag van f400 (vierhonderd pond), gelewer Overvaal-sylin. — Doen aansoek by: E. J. H. Pos Overvaal, dist. Ermelo.

SKAPHONDJIES. — Pragtige swart Skaphondjies met wit borsies, ouderdom ses weke. Moeder en vader baie uitstekend met skape. Tefies f1 stuk en reuntjies f1-10-0 stuk. K.M.B., gelewer Koffiefontein-stasie. — Bestel van: C. RYNHOUD, Vaalpan, Koffiefontein.

SKAPE. — 500 Onrege suiver geteelde ronderib blinkhaar Afrikaner- en opregte Persie-Oole, groot ras, 2- tot 6-tand, om te lam, f2 elk. Met lammers waarvan sommige reeds 5 maande oud is, teen f2-6-0, ool met lam. Ook pragtige bypassende ramme, f4 elk. Goeie kondisie, suiver ras. 400 goeie Merino-Oole en -Harns, 9 maande woi, f1-15-0 elk, geen ou skape by nie. Ook een Jersey- en een Fries vers, 2 jaar oud, in kalf, f8-10-0 elk. 'n Winskopie. Eienaar tree uit boerdery. — M. VAN DRUTEN, Hoofweg, Victoria-Wes.

VERJAARDAGKETTING

2 AUGUSTUS: Jan Swanepoel, Beaufort-Wes; Lukas Mans, Wilgenhoutsdrift; Jacoba Moolman, Paarl; Stefanus Scheun, Willowmore; Marie Visser, Aughrables; Jacoba Smit, Koster.

3 AUGUSTUS: Anna Olivier, Lambrechtsdrift; E. Badenhorst, Swartbos; Andries van Wyk, Pansdrift; Anna Boshoff, Philippolis.

4 AUGUSTUS: Hendrik Hopkins, Stellenbosch; Willem Hopkins, Stellenbosch; Philip Smit, Port Elizabeth; Annemarie Barnard, Stellenbosch; Jan du Toit, Kirkwood; Christoffel Klitshoff, Woodstock; Johan Lubbe, Clifford; Mathilda Hamilton, Groot-Brakrivier; Stephanus Lombard, Amalia; Sarel Pretorius, Tolwe.

5 AUGUSTUS: Issie Barnard, George; Elzen Burmiester, Noord-Paarl; Johanna van Deventer, Middleton; Johan Scheun, Willowmore; Johannes Boshoff, Groot Brakrivier; Cornelia Jurrinaange, Carnarvon; Magdalena Coetzee, Boons.

6 AUGUSTUS: Anna Opperman, Merweville; Francina Maas, Lambrechtsdrift; Gerty Terblanche, Ruytersbosch; Martha Bezuidenhout, Villiersdorp; Hennie Moller, Ceres; Anna du Toit, Loxton; Regina Byleveld, Aughrables; Anton Wiersma, Rondebosch; Wessel Rautenbach, Two Streams; Margrieta Steyn, Beauty; Andries Janse van Rensburg, Mamagaleskraal; Hendrik Gillan, Koedoeskop; James van Schalkwyk, Koedoeskop.

7 AUGUSTUS: Bobbie Joubert, Sutherland; Martha du Toit, Worcester; Frederik Burger, Woodstock; Hendrik de Lange, Montagu; Johannes Haupt, Port Elizabeth; Jacobus Venter, Pietersburg; Maria van der Merwe, Gilead; A. Brink, Rustenburg; Hendrina du Plessis, Rashoop; Gertruida Snyman, Brits.

8 AUGUSTUS: Sollie Plenaar, George; Jacobus Nortjé, George; Christie Neethling, Stellenbosch; Elise Liebenberg, Noord-Paarl; Thelma Fourie, Sutherland; Philippus Franken, Paveskloof; Frieda Louw, Helderberg; Andries Marais, Humansdorp; Rita Goosen, Nababeep; Ansie Hougaard, Paarl; Willem Pretorius, Boshoop.

ROOIBOSTEE

Spesiaal Gekweek SUIWER

CEDERBERG-ROOIBOSTEE

Bestel direk van die Verpakkter

A. J. Mouton,

GELUKWAARTS — CITRUSDAL, K.P.

TE KOOP

SWARTWATTEL, geharde droppers, 5 voet lank, 1 dm. tot 2½ dm. dik op dun punt. f4 per 1000. Vir enigtiens in hout vir om kwotasie. K.M.B. V.O.S. Lothair-stasie. — J. T. MARITZ, Lothair.

TWEE BOEREMERRIES. — Een 9 jaar en mak geleerd, sweetvos, vier wit voete en bles. Ander twee jaar oud, donkerbruin, kol, halter-mak. Albei in goeie kondisie en groot uithoudingsvermoë. Eerste tjek van f20 neem albei, in trok gelewer Koolbank-sylin. — R. S. MARITZ, P/s. Koolbank, Ermelo.

VAN'S CONCRETE PRODUCTS. — Terrazzo, Kombuis- en handwasbakke, baddens, sepietse tenks, pilare, vloertels, voertroe. Enkeltjies in beton. Direkteur: P. W. en P. G. van Heerden, Potgieterstraat 258, Pretoria.

WILDE DIERE EN VOELS: — Klein Blou Aapies, 30/-; Nagnapies, 30/-; Afrikaanse groen panamaia, kan leer praat, 50/-; lang haar marmotte, 2/6; wit rotte, 2/-; drie soorte klein skilpanne, 1/-; Bergskilpanne, 10 tot 20 pond teen 4d. per pd.; swart-bont en swart muis, 2/-; kolgans, 10/-. Almal per stuk. V.O.S. K.M.B. MIDDELLANDE TROETEL-DIER-WINKEL, Aberdeen, Kaap.

WYNE

5 GELLINGS Muscadet-lkeur: f2-12-6; Anker f3-17-6. 5 Gelling Roof of Wit Muscadet-Jerpligo of Beste Ou Port f2-2-6; anker f3-2-0; 5 gelling Roof Soet Muscadet f2; anker f2-18-6. 5 gelling Worcester Hook, Soet Sjerrie of Half-soet Muscadet f1-15-0; anker f2-11-0. Voorwaardes: Kontant of K.B.A. Wyn gelewer Bonnievale-stasie. Vaatjies moet teruggestuur word. J. O. Jonker, Weltevrede-Wynmakery, Posbus 8, Bonnievale, K.P.

Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 703, Groot Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad en gedruk deur Pro-Ecclesia-Drukkery (Edms.) Beperk, Stellenbosch.

HERHOLDT SE BOOMKWEKERIE

Posbus 660 — JOHANNESBURG

JULIE TOT AUGUSTUS-PLANTTYD

Geniet u eie vrugte, vroeg tot laat soorte, pluk dit van HERHOLDT se beroemde bome. Vroeg tot laat soorte Perskes, Appels, Pruime, Appels, Pere, Pruimedante, Nektarines, Kwepers, Amandels, Vye, Mispels, Moerbeie, Koejawels en Grenadillas. Sorterings vir u omgewing word deur ons uitgesoek. Geurige wit, swart en rooi WINGERDSOORTE, geskik vir u klimaat.

Pragtige „dubbeldoel” Treurmoerbeibome, kan in somershuis-vorm gegroei word en verskaf vrugte terselfdertyd. Stewige 8 vt. hoog bome, 25/- elk.

KRISANTE (Winter-Asters): Ons pragsortings van reuse vertoonsoorte in gesorteerde kleure word nou bespreek vir Oktober-aflowering.

Pryslyste gratis op aanvraag.

OGIES IN DIE NUUS

RUSSIESE DEEGLIKHEID

„Erkende Nazi's het weinig moelikhed in die Amerikaanse gebied (van Oostenryk) veroorsaak. Een van die offisiere het dit toegeskryf aan die deeglike wyse waarop die Russe hul taak uitgevoer het toe hulle daardie deel beset het”. So lui 'n berig van Sapa-Reuter wat 'n aanduiding gee van die „likwidasiel-eid” wat deur die kommuniste gevolg word ten opsigte van nasionaal-gesinde Duitsers.

JOODSE GELDMAG

Die opsteller van die Weimar-grondwet, 'n vyand van die Hitlerbewind, het volgens 'n United Press-berig, gesê dat Hitler die werkloosheidsvraagstuk opgelos het deur die werkloos in oorlogsfabrieke te laat werk. „Geld vir die oorlogsmasjien is gevind deur die oornome van Joodse besittings”, het hy daaraan toegevoeg.

As die Jode se onteinde besittings voldoende was om Hitler se oorlogsmasjien aan die gang te hou, hoe moes dit dan nie in staat gewees het om die demokratiese parlementêre masjien vir hul eie voordeel aan die gang te hou nie!

NUUS

'n Opskrif oor twee kolomme verlede week in die Cape Times het as volg gelui: „21 OUD-SOLDATE KRY HUISE”. Dit is natuurlik nuus, en goeie nuus ook, as 'n oud-soldaat deesdae 'n huis kry, maar dit was nie gewone huise wat hierdie 21 oud-soldate-gesinne gekry het nie; dit was kasernes in 'n militêre kamp. Minister Harry Lawrence bly dus in die nuus. Twee jaar gelede het die koe-rante sy belofte van 30,000 huise „binne die eersvolgende twaalf maande” as groot nuus gepubliseer. Tans is dit nuus as 21 oud-soldate huisvesting kry in 'n kasernel!

NET ¼ POND WOL VIR SPINWEDSTRYD

Genle. mev. J. S. du Toit wens bekend te maak dat daar 'n klein verandering aangebring is in verband met die spinwedstryd wat 'n paar weke gelede in Die O.B. aangekondig is. Dit geld die hoeveelheid wol wat nodig is. In plaas van een pond wol is besluit om dit 4 onse te maak. Daar word gehoop dat hierdie vermindering in die hoeveelheid wol wat nodig is, meer vroue in staat sal stel om aan die wedstryd deel te neem.